SCHOOL OF EDUCATION
SOL PLAATJE UNIVERSITY
Private Bag X5008, KIMBERLEY, 8300
Scanlan Street, KIMBERLEY, 8301
Tel: 053 491 0152
e-mail: education@spu.ac.za
Website: www.spu.ac.za

Geagte Kollega

AANGAANDE 'N SIMPOSIUM OOR AFRIKAANS IN DIE NOORD-KAAP TE SOL PLAATJE UNIVERSITEIT, KIMBERLEY

Sol Plaatje Universiteit (SPU) in Kimberley beplan om op Saterdag, 5 Oktober ’n simposium, getiteld “Afrikaans: Kom saam / Come along”, te fasiliteer. Ons neem hiermee die vrymoedigheid om u uit te nooi om die geleentheid by te woon.

Agtergrond
Die Noord-Kaapprovinsie verteenwoordig Suid-Afrika se grootste aantal Afrikaanssprekers, met 'n Afrikaans-Huistaalverteenwoordiging wat om en by 53% (2011-Census) van die provinsie uitmaak. Afrikaans is dan ook die derde mees gesproke huistaal in die land (2011-Census). Die Noord-Kaapprovinsie beslaan verder ook die grootste geografiese area in Suid-Afrika (2011-Census), wat veroorsaak dat interaksie, beide sosiaal en korporatief, problematies kan wees.

Sol Plaatje Universiteit, Kimberley, het dit goed gedink om Afrikaans in die Noord-Kaap onder die loep te neem. Hoe lyk die Noord-Kaapse Afrikaansspreker en sy/haar Afrikaans? Hoe lyk kreatiwiteit in Afrikaans? Hoe lyk Afrikaansonderrig in die Noord-Kaap? Hoe lyk 'n Afrikaans wat die Noord-Kaapse mense kan verenig en hoe sou so taak behartig word?

Die doel van hierdie simposium is om die stand van Afrikaans as vereniger van mense in die Noord-Kaap te bespreek. Verskeie insiggewende sprekers sal aspekte hiervan uitlig, terwyl paneelbesprekings dié onderwerp gerig op sekondêre onderrigvlak debatteer, asook hoe Sol Plaatje Universiteit as instituut van hoër onderrig in die Noord-Kaap dié doel kan ondersteun.

Die dag sal afgesluit word met 'n openbare lesing deur Dr. Danny Titus (ATKV, Uitvoerende direkteur) getiteld: Afrikaans as moedertaal: verpligtinge en geleenthede in hedendaagse Suid-Afrika.

Datum: Saterdag, 5 Oktober 2019
Plek: Sol Plaatje Universiteit, Kimberley.
Lokaal: Sol Plaatje Universiteit, Biblioteek, Scanlanstraat

Let asseblief daarop dat die verrigtinge in Afrikaans sal verloop.

RSVP: Graag versoek ons dat u teen Woensdag**, 2 Oktober** om **14:00**, sal laat weet of u die geleentheid sal bywoon. Stuur asb. bevestiging aan Me Sulette Bruwer (sulette.bruwer@spu.ac.za) of Dr. Emma Groenewald (emma.groenewald@spu.ac.za).

Navrae:
Indien u enige verdere inligting benodig, of in gesprek wil tree oor bogenoemde, kontak asseblief enige van ons:

Mnr. Adean van Dyk
Adean.vandyk@spu.ac.za

Mnr. Gert Hanekom
Gert.hanekom@spu.ac.za

Ons hoor graag van u.

Vriendelike groete,

Sol Plaatje Universiteit.